

Titel: Die Krag van Nougesetheid (“Diligence”)
Pastoor: Fred May
Datum: 20 Julie 2008
Tyd: 09h00



Spreuke 12:24a

²⁴ Die hand van die vlytiges sal heers...

1. Definisie

- Passievol – entoesiasme met intensiteit
- Perfeksionisme – noukeurige aandag aan detail
- Produktief – oorvloedige, hardwerkend
- Volhardend – volgehoue konsekwentheid

2. Ses stappe na seën

- Studie
- Nastreef van goddelikheid
- Gehoorsaamheid
- Rentmeesterskap
- Oorwinning
- Leierskap

a) Studie

Nougeset in omgang met die Skrif – lewensdoel.

II Timotheus 2:15

¹⁵ Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.

- 'n Hart vir AANBIDDING [voorreg om te presenteer].
- 'n Ambisie om God te behaag / Sy goedkeuring weg te dra.
- Deur omgang met die Skrif - lees ('daaglikse brood')

I Timotheus 4:13

¹³ Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.

- Memoriseer (wegbêre)

Psalm 119:11

¹¹ Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.

- Mediteer / bepeins – HARTSTOG

Josua 1:8

⁸ Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

- Ware aanbidding gee noodwendig aanleiding tot DIENSBAARHEID.

Mattheus 4:10

¹⁰ Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

- Nuwe verhoudingsdimensie – nl. 'n werksverhouding.
- Meetbare geestelike groei.

Johannes 15:5, 8, 16

⁵ Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

⁸ Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

¹⁶ Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

- Om Skrif te BESTUDEER:
 - Nastreef van waarheid

I Petrus 2:2

² en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,

- Verbind tot onderbou en inbou van die Woord.
- Ontwikkel van VAARDIGHEDE - d.w.s. om te leer "reguit sny" [nie die skep van 'n nuwe evangelie nie, maar liever die uitleg van die eenvoudige waarhede van die Skrif].
 - "Reguit sny" is 'n Griekse idioom.
 - om 'n reguit pad oor 'n landskap te baan
 - om 'n reguit sloot oor 'n veld te ploeg
 - 'n klipkapper wat 'n klip haaks maak vir spesifieke legging
- 'Openbaringskennis' d.w.s. die uitleg en toepassing van die Skrif gee definisie aan 'n mens se bestaan.
- Om ongeletterd m.b.t. die Skrif te wees is lewensgevaarlik!